# Die Leesveldtog: 'n Klompie wenke en 'n bietjie inspirasie

**Adinda Vermaak**

(LitNet, beskikbaar: www.mweb.co.za/litnet/onderwys/leesveldtog.asp)

Algemene wenke

1. **Genoeg boeke is seker die grootste probleem**

   As geld skaars is, vergeet van nuwe boeke. Gaan *lê* by tweedehandseboekwinkels! Koop soveel boeke as wat jy of die kinders kan bekostig om jou klasversameling aan te vul. Soek lekkerleesboeke eerder as hoge letterkunde. Sorg ook vir niefiksie vir die trae lesers: boeke oor motors, rekenaars, modes, klere, sport, ens.

   In Kaapstad is Langstraat die bekende straat vir snuffelaars van tweedehandse boeke; maar wonderlike plekke vir hope spotgoedkoop tweedehandse kinder- en jeugboeke — ook in Afrikaans — is die Cafda-boekwinkels:

   Werdmuller-Sentrum
   Mainweg
   Claremont
   Tel. (021) 674-2230

   Mimosa-Arkade
   Regentweg
   Seepunt
   Tel. (021) 434-6149

   **It is not natural to read what we don't like and don't feel connected to … It is the personal choices that lead to personal connections and meaningful discoveries.**
   — A.M. Sullivan: "The natural reading life: A high-school anomaly." *English Journal* 80 (6) 40-46

2. **Versamel ou tydskrifte**

   Die klaskamer moet 'n "Leesatmosfeer" uitstraal. Moedig die leerders aan om, deur die res van die dag as hulle werk klaar is, te gaan lees. Lees moet soos 'n beloning voel — nie 'n straf nie!

3. **Die opvoeder moet die rolmodel wees**

   Volgens navorsing kan leerders van opvoeders wat self lief is vir lees, beter lees as leerders van opvoeders wat self selde lees.

4. **Leesjoernaal**

*4.1 Aan die begin van so 'n Leesveldtog kan alle leerders hulle "Leesgeskiedenis" neerskryf.*

As hulle sukkel om dit in opstelvorm te skryf, kan hulle dit aan die hand van vrae soos die volgende doen:

i. Wanneer het jy leer lees?
ii. Watter storie of boek het jy eerste self deurgelees? Wat onthou jy daarvan?
iii. Ongeveer hoeveel boeke het jy al gelees?
iv. Wat is jou houding teenoor lees? Motiveer jou antwoord.
v. Is daar iemand (in die gesin, of dalk 'n onderwyser of onderwyseres) wat jou geïnspireer het om te lees of jou lief gemaak het vir lees? Vertel daarvan.
vi. Het julle boeke by die huis?
vii. Lees jy nou meer of minder as 'n paar jaar gelede? Waarom?

So 'n Leesgeskiedenis kan die inleiding vorm van 'n *Leesjoernaal*. (Aan die einde van die jaar kan dan vasgestel word watter vordering en/of verandering in houding daar was.)

*4.2 Of die leerders kan 'n vraelys invul*, met vrae soos:

i. Sou jy liewer jou kamer skoonmaak as om 'n boek te lees?
ii. Dink jy jy sal, as jy groot is, baie tyd of min tyd aan lees bestee? Waarom?
iii. Dink jy boekwurms is vervelig? Motiveer jou antwoord.

Elke leerder vul 'n vorm in, byvoorbeeld genoem "My Uitdaagkaart" (*My Challenge Card*). Hierin daag die leerder hom- of haarself uit om byvoorbeeld 20 boeke in die kwartaal te lees. Sorg vir aansporing vir die wat eerste hul mikpunt bereik.

4.3 *As vasgestel word watter skrywer(s) se boeke die gewildste is, kan die klas 'n brief, via die uitgewers, aan die skrywer skryf* en vertel hoe hulle as klas oor die boek(e) voel en byvoorbeeld vrae vra oor die skryf van die boek of oor die skrywer self.

4.4 *Stel vraelyste op met vrae soos*:

i. Wat was die graad 4's of 5's se drie gunstelingboeke van die jaar?
ii. Wat is graad ... se gunstelingskrywers?
iii. Watter boeke is deur die meeste seniors gelees?
iv. Watter boeke word die meeste by die biblioteek uitgeneem?

(Hulle kan plakkate maak of grafieke opstel aan die hand van die inligting.)

4.5 *Elke Maandagoggend in die saalbyeenkoms moet iets oor lees gesê wor*d. En *Let Wel*: Dit moenie net één onderwyser(es) se verantwoordelikheid wees nie — veral die mansonderwysers moet betrek word. Die trae seunslesers het manlike rolmodelle wat van lees hou, bitter nodig!

i. Dalk kan 'n kind (of 'n opvoeder) wat mooi lees, vir afwisseling 'n kort storie of 'n gedig of twee tydens die saalbyeenkoms voorlees of voordra.
ii. Wat van 'n lekker kort rymklets (*rap song*) of klingel (*jingle*) wat almal Maandae in die saal kan sing — oor lees natuurlik? Natuurlik moet dit afgewissel word as dit vervelig raak.

*4.6 Betrek die ouers*

i. Stel gereeld 'n lysie boeke op, byvoorbeeld die ideale boeke vir die koue wintervakansie; of moontlike Kerspresente; of die boeke in die plaaslike biblioteek oor 'n sekere onderwerp; of goeie voorleesboeke — met annotasies of kommentaar daarby, indien moontlik.

   Die Adviseurs: Kurrikulumbronne van EDULIS (die Onderwysbiblioteek- en Inligtingsdiens) van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement kan in hierdie verband geraadpleeg word.

ii. Sorg dat 'n gereelde afdeling of rubriek oor hoe die Leesveldtog in die skool vorder, in die omsendbrief aan die ouers is.

Moontlikhede:

* Gee riglyne aan die ouers oor hoe hulle by die huis kan help.
* Vra of hulle kan help met matte vir leeshoekies in die klaskamers, of met ekstra boekrakke of lekker gemaklike kussings, of met kinderboeke wat nie meer tuis gelees word nie (net nie ou, stukkendes nie!).
* Lig hulle in oor die (straf-?) maatreëls wat getref word as leerders nié hulle storieboeke saambring skool toe nie.
* Moedig hulle aan om by die plaaslike biblioteek aan te sluit.
* Beklemtoon die feit dat ouers móét belangstel in hul kinders se leeswerk.
* Gee statistiek (dis altyd indrukwekkend!), byvoorbeeld oor die gemiddelde aantal boeke wat elke leerder reeds gelees het, oor bewyse dat die leesprogram die leerders in hulle skryfwerk help, ens.
* Vra die skool se Ouer-Onderwysersvereniging om te help om 'n groot funksie te reël om geld vir boeke in te samel.
* Daag die ouers uit om ten minste 20 minute per dag vir hulle kinders voor te lees.
* Laat weet die ouers van jou klas ook gereeld hoe dit met die Leesveldtog gaan. Laat hulle voel hulle is betrokke en dat hulle saam moet "veg" in hierdie "veldtog".

> **Laat almal wat die skool binnekom, besef die skool is 'n "Leesskool", met slagspreuke en plakkate in die voorportaal en in die gange.**

4.7 *Betrek die gemeenskap*

i. Kondig lank voor die tyd 'n Leesweek aan waartydens die hele gemeenskap moet lees. (Dit word in baie dorpe en selfs stede in Amerika gedoen — en dit werk!)
ii. Nooi die burgemeester, die polisie, brandweermanne, sakepersone, e.a. skool toe. Hulle moet 'n boek of 'n storie saambring om aan die klasse voor te lees.
iii. Nooi ook vroegtydig storievertellers en skrywers. (Dalk stem hulle in om nie net 'n praatjie te kom lewer of net uit hul boeke voor te lees nie, maar ook om 'n paar dae as *writer-in-residence* by die skool op te tree — soos gereeld in Brittanje en Amerika gebeur — om byvoorbeeld skrywerswerkseminare te hou.)

iv. Vir daardie week maak die leerders plakkate oor boeke en oor lees. Hulle kan ook vasvrakompetisies opstel, byvoorbeeld oor bekende sprokies.
v. Skryf 'n kompetisie uit vir die beste rymklets — wat natuurlik oor lees en boeke moet handel.
vi. Laat hulle vooraf gedigte of toneelstukkies skryf wat voorgedra of opgevoer kan word.
vii. Nooi van die oudleerders (byvoorbeeld in die Raad van Leerders van die hoërskool) om die laerskool te besoek om stories te kom voorlees.
viii. Laat die leerders ook na ander uitreik deur byvoorbeeld by 'n hospitaal, ouetehuis of kliniek te gaan kuier om stories of artikels uit tydskrifte te gaan voorlees.

4.8 *Die personeel*

i. Nooi die plaaslike bibliotekaresse uit om vergaderings van die verskillende grade by te woon om raad te gee oor goeie boeke. (Die personeel van EDULIS kan ook hierin van hulp wees.)
ii. Wat van leesklubs, boekklubs of leeskringe onder die personeel? Die graad 1-onderwysers kan byvoorbeeld almal een keer per maand ná skool byeenkom en oor prenteboeke gesels, byvoorbeeld gunstelingboeke uit hulle kinderdae, nuwe boeke, 'n sekere skrywer se boeke, of boeke oor 'n sekere onderwerp. Almal in die graad-groep moet 'n bydrae lewer.
iii. Vra katalogusse of pryslyste aan van die uitgewers en stal dit in die personeelkamer uit. Koop of leen *Resensiones* van EDULIS waarin lyste gekeurde boeke, met kommentaar en aanbevelings, verskyn.
iv. Sorg dat 'n deel van die kennisgewingbord in die personeelkamer afgesonder word vir nuus oor die skool se Leesveldtog.
v. Vra die hoof vir geld uit die begroting om in te teken op tydskrifte soos *Horn Book, The Reading Teacher, Klasgids*, ens.
vi. Besoek biblioteke, soos die EDULIS-Onderwysbiblioteek in Bellville gereeld, en neem van die tydskrifte en boeke oor leesbevordering uit.

4.9 *Lees gaan saam met skryf*

i. Laat die leerders meer *skryf*! Die graad 7's kan byvoorbeeld stories skryf en illustreer wat die Graad 3's kan lees.

ii. Laat hulle die boeke wat hulle reeds gelees het, as riglyne gebruik en help hulle, byvoorbeeld deur dinkskrums, met die karakterisering, die belangrikheid van 'n spannende intrige, die skep van 'n oortuigende ruimte of agtergrond, die gebruik van dialoog, ens.

iii. Laat hulle eers hulle stories met die hulp van hulle groepe redigeer voordat dit oorgeskryf of -getik en geïllustreer en gebind word.

4.10 *Hou die koerante dop en gaan woon boekbekendstellings by*. Dis gratis en groot pret (gewoonlik met iets om te drink en te eet!) en so ontmoet 'n mens Suid-Afrikaanse skrywers en raak deel van die boeke- en leeswêreld.

*4.11 Die heel belangrikste: Koop self boeke*!
Die uitgewersbedryf is afhanklik van mense wat boeke kóóp.

4.12 *Die halfuur self*

i. Verduidelik waarom lees belangrik is. (En dis nié omdat die Onderwysdepartement of die hoof dit voorskryf of om die leerders stil te hou gedurende die Leesperiode nie!) Dit klink seker oorbodig, maar moenie aanneem dat die leerders weet waarom jy van hulle goeie lesers wil maak nie. Help hulle om in te sien dat lees noodsaaklik is vir 'n mens se daaglikse oorlewing en om die meeste loopbane te volg, om te kan vorder in jou werk én omdat dit 'n heerlike tydverdryf is. Mense wat lees, is nooit verveeld nie — en gewoonlik ook nie vervelig nie!

**Goeie lesers is goeie lesers , nié omdat hulle leer klank het of omdat hulle baie huiswerk in graad 1 gekry het nie, maar omdat hulle baie lees. Dit maak nie saak wat hulle lees nie. Selfs prul (*trashy books*) kan leesspoed en begrip verhoog. Enige boek, solank dit boeiend is.**

— Mary Leonhardt: *Parents Who Love Reading, Kids Who Don't*

ii. Laat die leerders ná die leessessie met mekaar gesels oor hulle leeswerk — of dan, elke Vrydag gesels oor die leeswerk van die week. (Net soos kinders graag oor video's of flieke wil gesels, so wil almal graag gesels oor 'n lekker boek.) Deur navorsing is bewys dat sulke gesprekke die leerproses bevorder. As die periode egter eindig met 'n

vinnige geskarrel om die boeke terug in die tasse of op die rakke te kry en woerts! is almal by die deur uit vir pouse (of vir wiskunde) gaan niemand bekeer word tot genotvolle lees nie. (Vergelyk die artikel van Sharon Virgil: "More time and choices overcome students' resistance to reading" in *The Clearing House* Sept/Okt. 1994.)

iii. Laat die leerders self idees voorstel van wat 'n mens kan doen as jy 'n boek klaar gelees het, byvoorbeeld

* Lees weer 'n gunstelingdeel.
* Kyk weer hoe die karakters verander het soos die storie vorder.
* Gaan kyk weer na die moeilikste deel. Vra jou Leesmaat of *Reading Buddy* hoe hy of sy dit sou ontsyfer of verstaan.

iv. Natuurlik mag hulle 'n boek meer as een keer lees — dis heeltemal in die haak. Dis hoe swakker lesers leer om vlot te lees. (En moenie vergeet om leerders te prys as hulle 'n boek deurgelees het nie. Dis baie belangrik!)

v. Nadat 'n week of twee verloop het, moet elke leerder neerskryf hoe hulle oor die leesperiode voel. Gebruik die positiewe aanhalings as plakkate dwarsdeur die skool.

vi. Sonder dat dit nóg iets word wat die opvoeder moet "nasien", móét elke leerder kontrole hou van die boeke wat hy of sy gelees het. Probeer dit prettig en maklik maak - d.w.s. nie 'n "resensie" of *book report* oor elke boek nie!

* Hulle kan byvoorbeeld 'n lysie van die boeke maak met langsaan 'n syfer uit 10 as evaluering, of met 'n kort opmerking oor elke boek.
* Wat van nóg 'n lysie: hul eie leeswerk by die huis of gedurende die vakansies?

vii. Alle skrywers is optekenaars. Laat die leerders besef dat lees en skryf saamgaan.

viii. Hulle moet soos skrywers begin lees en dus interessante beskrywings, name en woorde wat hulle voorheen nie geken het nie, in hulle Leesjoernale opteken.

ix. Moedig hulle aan om by te lees oor dit wat in die klas behandel word. As die vroeë seevaarders en ontdekkingsreisigers behandel word, kan hulle byvoorbeeld 'n lewensbeskrywing van Robert Scott lees. As hulle in die geskiedenisklas leer van die Tweede Wêreldoorlog, is die

dagboek van Anne Frank of outobiografieë van oorlewendes of *Liesbet Delport se Oorlogboek* van Berna Ackerman of Rona Rupert se *'n Roofvoël uit die Ooste* die aangewese leesstof. As 'n sekere land in die nuus is, byvoorbeeld as daar tennis op Wimbledon is, kan boeke oor Engeland en Londen aanbeveel word; as die Springbokke of Proteas teen die Aussies meeding, boeke oor en van Australië, ens.

x. Laat hulle nuuskierig word — en besef die TV is nie genoeg om 'n mens se nuuskierigheid te bevredig nie.

xi. Die opvoeder moet self ook nuwe boeke bekendstel.

* Knip resensies van boeke uit die koerante of tydskrifte uit, vra katalogusse van uitgewers aan, druk resensies van boeke uit *Resensiones* van EDULIS af. Plak dit op die kennisgewingbord.
* Begin om jou eie biblioteek op te bou. Die leerders moet kan sien die opvoeders is self ook lief vir boeke. Anders sal lees vir hulle 'n aktiwiteit bly wat 'n mens (onder dwang!) moet doen terwyl jy in 'n skoolbank sit.

xii. Boekmerke

* Wat van twéé boekmerke vir elke leerder — wat hulle self kan maak? Die een om te merk waar hy of sy Maandagoggend moet begin lees, en die ander een verderaan in die boek — daar waar hy of sy aan die einde van die periode of die week wil uitkom.

xiii. Die opvoeders moet belangstel in wat hulle klas lees.

* Enige mens hou daarvan om iemand anders te vertel van 'n opwindende boek. Laat die lesertjie belangrik voel, stel ander boeke van dieselfde skrywer voor of ander boeke oor dieselfde tema of in diesefde genre, ens.

* Begin die kwartaal deur te vra: "Iets lekkers gelees hierdie vakansie?" (En te vertel wat jy sélf gelees het!)

**Many teachers "model" reading during sustained silent reading in their classrooms, and although this is an admirable practice, I believe it presents a passive, rather than an explicit model of what it means to be a reader. Teachers become explicit reading**

**models when they share their own reading experiences with students and emphasise how reading enhances and enriches their lives. There is usually something worth sharing in most of the books and materials we read — an exciting or informative paragraph, a description of a character, or an interesting turn of phrase.**
**When we, as teachers, share our own reading with students, we show how reading enhances our lives. In this way, we demonstrate to our students that reading helps us learn more about the world in which we live, gives pleasure and enjoyment, develops our vocabulary, and helps us become better speakers and more effective writers. Most importantly, when we share appropriate selections from our own personal reading, students begin to see us as real readers. If we serve as explicit reading models for our students and specifically associate reading with enjoyment, pleasure, and learning, our students will be encouraged to become voluntary lifelong readers.**

Linda B. Gambrell, "Creating classroom cultures that foster reading motivation", *The Reading Teacher*, 50 (1):20-21

xiv. Vra die goeie lesers, of 'n sekere groepie, om 'n uitstalling van boeke te hou (as die skool se biblioteek nie kan nie). Hulle moet die boeke "bemark" en bekendstel — natuurlik sonder om die hele storie te vertel en so die pret vir nuwe lesers te bederf.

xv. Vorm leeskringe, boekklubs of *Literacy Clubs* van ongeveer ses lede. Een van die leesperiodes per week kom hulle byeen om oor die week se leeswerk te praat. Die ideaal is dat hulle almal 'n spesifieke boek lees wat hulle dan kan bespreek. Of hulle kan boeke oor 'n sekere tema kies.

xvi. Vra raad by die volwasse leeskring of *book club* in die gemeenskap. Lede daarvan is dikwels uiters kundig en sal waarskynlik graag kom help met die stigting of organisasie van leeskringe op skool.

xvii. Die hoof, of adjunkhoof, moet vry wees in die Leesperiode. Hulle moet rondgaan van klas tot klas — nie om polisieman te speel en te kontroleer of almal lees nie (hoewel dit seker sal help!), maar om te kom saamlees of te gaan voorlees. Die skoolhoof kan byvoorbeeld vir die nuwe graad eentjies gaan lees en ook 'n hele stapel kinderboeke in of voor sy kantoor aanhou vir die kinders wat daar moet sit en wag.

xviii. Maak 'n opname van die gewildste of mees geskikte boeke. (Watter boeke het hierdie jaar vir my klas "gewerk"?) Dit sal help met die aankope van nuwe boeke, of as 'n stel storieboeke omgeruil word met die klas langsaan.

**'n Goeie boek is 'n goeie boek vir kinders alleenlik as hulle dit geniet. 'n Boek is nie 'n goeie kinderboek nie — selfs al reken grootmense dit is 'n klassieke boek — as kinders dit nie kan lees nie of as dit hulle verveel.**
— May Hill Arbuthnot

**Ons moet ophou praat van goeie boeke en swak boeke. Vir kinders en vir nieliterêre mense is daar net interessante boeke en vervelige boeke.**
— Aidan Chambers

**Moontlike probleme**
(Met 'n paar moontlike oplossings)

*Vraag*: Wat moet ek doen as meer as die helfte van my klas nié boeke saambring nie? Of wat kan ek doen as die kinders glad nie gemotiveerd is nie?
*Antwoord*: Verdeel die leerders in klein spannetjies. Elke span se oogmerk is om die leesperiode deur te bring deur *regtig* te lees. Enige leerder wat nie 'n boek saamgebring het nie, wat gesels of wat die klas ontwrig, maak dat sy of haar span 'n strafpunt kry. Die wenspan is die span wat aan die einde van die week die minste strafpunte het. En natuurlik moet daar byvoorbeeld aan die einde van die maand 'n lekker beloning vir die wenspan wees.

*Vraag*: Wat moet ek doen met leerders wat so sukkel om te lees dat die leesperiode vir hulle 'n las en 'n straf is?
*Antwoord*: Gebruik Vrydagoggend as 'n (ekstra) voorleesperiode. Dit sal die geleentheid bied om hulle bekend te stel aan stories wat hulle andersins nie self sou kon baasraak nie. So 'n "bekende" storie sal hulle dan makliker self kan lees. Of lees net die begin van 'n langer storie voor om hulle te motiveer om dit self klaar te lees. (Biblioteekpersoneel weet dat as 'n sekere boek in 'n klas voorgelees is, daar altyd daarna 'n groot vraag is om die boek uit te neem.)

*Vraag*: Wat kan gedoen word met kinders met leesprobleme?
*Antwoord*: Kry vir die swak lesertjie 'n Leesmaat wat kan help. In Amerika word hierdie stelsel die *Literacy Corp* genoem: 'n een-tot-een-tutorstelsel. Hierdie lees-tutors word opgelei of touwys gemaak oor hoe om 'n swak leser te help. 'n Sukkelende leser sal gewoonlik makliker vir so 'n leesmaat lees as vir die onderwyser. Die ideaal is dat die twee leesmaats saam boeke gaan soek waarvan albei hou. In Amerika het die skole wat 'n *Literacy Corp* ingestel het, agtergekom dat dit skoolbywoning bevorder: die tutor én die leerder het opgehou stokkiesdraai!

'n Paar ma's kan gevra word om as leestutors of as voorlesers te kom help. 'n Ouer kind kan ook as Leesmaat of *Reading Buddy* kom help met 'n jonger, swak leser.

Ander vrae wat mag opduik en waarvoor antwoorde gesoek sal moet word, is onder andere: Wat kan gedoen word as die opvoeder self nie wil lees nie of beswaarlik kan lees? Moet daar sensuur wees? Watter soort boeke of tydskrifte of *comics* mag hulle saambring skool toe om te lees?

Adinda Vermaak
Adviseur: Kurrikulumbronne
EDULIS
Kruskallaan 15
BELLVILLE
7530
Tel. (021) 948-7504 x 221
e-pos: avermaak@pawc.wcape.gov.za

**Verwysings**

Die volgende artikels (almal beskikbaar by EDULIS) is gebruik by die skryf van hierdie wenke, of bevat interessante aanvullende inligting:

Berliner, David. "What research says about reading aloud." *Instructor*. Mei 1990.
Calkins, Lucy. "Motivating readers: Five ways to nurture a lasting love of reading." *Instructor*. Jan./Feb.1997.
Davis, Susan, J. "Make reading rewarding, not rewarded." *The Education Digest*. Okt.

1994.
Gambrell, Linda, B. "Creating classroom cultures that foster reading motivation." *The Reading Teacher*. Sept.1996.
Hindley, Joanne M. "Books in the classroom." *Horn Book*. Sept. 1996.
Hodge, Frank. "Reading aloud: Listen to learn." *Instructor*. Okt. 1990.
Hong, Min. "To home and back with books: A reading program that is a joy for kids and an eye-opener for their parents." *Instructor*. Sept. 1995.
Jennings, Joan. "You can't afford not to read aloud." *Phi Delta Kappan*. Maart 1990.
Koskisen, Patricia (red.) "In their own words: What elementary students have to say about motivation to read." *The Reading Teacher*. Okt. 1994.
Leonhardt, May. "Make lemonade: How to sweeten your school's climate for reading." *School Library Journal*. Nov. 1998.
Lesesne, Teri, S. "Developing lifetime readers: Suggestions from fifty years of
research." *English Journal*. Okt.1991.
Minderman, Linda. "A library of your own: Tips on building the right kind of classroom library." *Instructor*. Mei 1999.
Sullivan, A.M. "The natural reading life: A high-school anomaly." *English Journal*. Okt.1991.
Trelease, Jim. "Have you read to your kids today?: Make reading aloud a daily habit." *Instructor*. Mei/Junie 1996.
Van Deusen, Jean D. & Mary J. Langhorne. "Iowa City reads! The reading event worth shouting about." *School Library Journal*. Mei 1997.
Virgil, Sharon. "More time and choices overcome students' resistance to reading." *The Clearing House*. Sept/Okt.1994.
White, Jim. "Three ways to encourage reading." *Principal*. Sept.1999.

**Die noodsaaklikheid van die ontwikkelling van 'n leeskultuur**
**Carole de Waal**
**(LitNet, beskikbaar:** www.mweb.co.za/litnet/onderwys/lees.asp)

**Gauteng Provinsiale Biblioteek- en Inligtingsdiens**
Suid-Afrika bevind hom in 'n ernstige stryd vir die verbetering van die opvoeding en lewenskwaliteit van 'n groot deel van die bevolking. Die toekoms van 'n demokratiese land is afhanklik van 'n goed ingeligte, opgevoede samelewing. Dit kan slegs bereik word wanneer alle inwoners ten volle geletterd is. Elke kind behoort toegang tot boeke in sy moedertaal te hê, om sodoende blootgestel te word aan die wonderlike ervaring van lees.

Lees en skryf vorm die basis van die leerproses in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Enige ingryping wat taalvaardigheid kan verbeter, behoort aangemoedig te word, aangesien dit 'n impak het op die fondament van die opvoedingsproses. So vroeg as die voorskoolse jaar, behoort 'n kind in die gewoonte te kom om die biblioteek te besoek en te gebruik. Hoe ouer 'n kind word, hoe moeiliker is dit om 'n biblioteekgebruik gewoonte te vorm. Navorsing het getoon dat selfs babas al voordeel kan trek deur storievertelling. Om hardop vir kinders te lees, en toe te laat dat kleuters met boeke in aanraking kom, stimuleer hul motoriese, sosiale, emosionele en intellektuele ontwikkeling.

**Die rol van die opvoeder**
Kreatiewe oplossings is nodig om te verseker dat leerlinge die genot van lees as 'n aktiwiteit ervaar. Leerlinge wat goed kan lees, ontwikkel 'n goeie skryftegniek. Omgekeerd, om skryfvaardighede te verbeter, moet leesvaardighede verbeter word. Die kern van akademiese vermoë is lees, en leerlinge wat hard werk en steeds 'n probleem ondervind met hul studies, is omtrent deurgaans leerlinge wat nooit vantevore veel gelees het vir ontspanning of plesier nie. Lees is 'n noodsaaklike vaardigheid om onafhanklike, lewenslange kundigheid te verseker.

**Hoekom kinders leer lees?**
Hoeveel keer 'n dag sien 'n mens die gedrukte woord? Die wêreld waarin ons leef, is vol van verskillende tipes gedrukte materiaal. Daar is boeke, tydskrifte, koerante, advertensies, pamflette, gidse, etikette op items, ens. Dit beteken dat om vir kinders in staat te stel om effektief in hulle

omgewing te funksioneer, moet hulle kan lees. Kinders lees om te leer, lees vergemaklik die leerproses — om nuwe kennis te bekom, en daarmee saam ontwikkel die vermoë om te dink. Vir kinders om sukses te behaal op skool, moet hulle eers bedrewe, ywerige lesers wees.

Die klaskamer behoort 'n opwindende omgewing te skep waar die leeservaring op alle vlakke daagliks plaasvind.

Die organisasie READ stel die volgende idees voor:

-  Leerlinge word in klein groepe verdeel. Hulle lees 'n storie, en dan dramatiseer hulle die storie voor die hele klas.
-  'n Les kan begin word deur 'n interessante deel van 'n boek te lees wat verband hou met dit wat geleer gaan word.
-  Nadat 'n storie gelees is, kan leerlinge een van die karakters teken. Interessante artikels kan uit koerante gelees word en temas daarmee in verband gebring word.
-  Gee geleentheid vir stil, ononderbroke lees in die klas.
-  Bring luister, praat, skryf in verband met lees.
-  Hou 'n vasvra oor aanbevole boeke, kombineer dit met 'n kompetisie.

**Die rol van die Gauteng Provinsiale Biblioteek- Inligtingsdiens (GPLIS)**
Die rol van GPLIS is om leesprogramme vir alle teikengroepe in die samelewing te ontwikkel. Hierdie programme word na openbare biblioteke deurgestuur om geïmplementeer te word. Programme word dan gemonitor en geëvalueer. GPLIS werk nou saam met organisasies soos READ en ERA om lees te bevorder. Die GPLIS tema vir die jaar is "Let Gauteng Read".

Op 28, 29 Februarie en 1 Maart word 'n konferensie deur ERA aangebied. Tydens hierdie konferensie gaan Minister Asmal "'n Dekade van Lees in Suid-Afrika" aankondig. Die doel van die konferensie is om 'n effektiewe strategie daar te stel om 'n dekade van lees te verseker en dat sleutelsektore 'n aktiewe bydrae sal lewer. Kontak: thumper@icon.co.za

Ten slotte — alle belanghebbendes sal moet saamwerk om 'n leeskultuur in ons land te vestig, te bevorder en in stand te hou. Eers dan sal ongeletterdheid en apatie teenoor lees hokgeslaan word.

## LEERONDERSTEUNING VIR LEERDERS MET LEESAGTERSTANDE IN DIE SENIORFASE

**Karen Swart**

(LitNet, beskikbaar: www.mweb.co.za/litnet/onderwys/leesveldtog.asp)

### Leesstrategieë om leesvlotheid te ontwikkel

#### 1. Modellering

Die modellering van lees, dit wil sê wanneer lesers goeie lees naboots, is waarskynlik vir leerders met die ernstigste leesprobleme die beste beginpunt om leesvlotheid te verbeter. In hierdie tegniek lees die onderwyser 'n gedeelte van die teks hardop, terwyl die leerder volg. Wanneer die onderwyser klaar die gedeelte gelees het, probeer die leerder om die onderwyser se lees na te boots. Die belangrikste doel van hierdie tegniek is om akkurate woordherkenning te verbeter, terwyl intonasie en frasering terselfdertyd ook aangemoedig word. Aanvanklik behoort die onderwyser slegs 'n klein gedeelte van die teks te lees. Die meeste leerders kan met 'n volle sin of twee begin. Aanvanklik moet baie maklike leeswerk gebruik word. Leeswerk behoort egter altyd vir die leerder interessant te wees. Hierdie tegniek kan ook suksesvol deur leerdertutors aangewend word.

#### 2. Lees vir die radio

Kinders met leesprobleme is dikwels skaam om voor ander leerders te lees. *Lees vir die radio* is 'n tegniek om vlotheid in groepverband te ontwikkel, sonder om die leerder wat 'n leesprobleem het in die verleentheid te stel.

In hierdie prosedure kry elke kind 'n teks om hardop te lees. Uittreksels kan gemaak word uit koerante, tydskrifte, of enige bron wat as 'n nuusstorie kan dien. Die leerder tree as die "omroeper" op. Slegs die onderwyser en die leerder het kopieë van die teks, sodat die ander leerders nie die teks voor hulle kan volg nie. Kleiner leesfoute word dus nie opgemerk nie, solank die storie nog sin maak. Voordat leerders hardop vir die groep lees, behoort die storie stil gelees te word of hardop vir die onderwyser, todat voldoende selfvertroue verkry is.

In hierdie metode word in die eerste plek betekenis beklemtoon, sodat die leerder aanpassings kan maak indien die teks hier en daar te moeilik raak. Die leerder word ook aangemoedig om op 'n oortuigende en vloeiende wyse te lees soos wat 'n werklike omroeper dit sou doen. In teenstelling met metodes waar klasmaats dadelik agterkom wanneer leesfoute gemaak word, stel hierdie metode die leerder vry van verleentheid en beklemtoon dit dat lees in die eerste plek oor betekenis gaan.

### 3. Herhaalde lees

Hierdie tegniek behels dat leerders herhaaldelik passasies met veral hoëfrekwensiewoorde hardop lees. Die doel is om leesvlotheid te verbeter. Alhoewel die tegniek eentonig mag voorkom, moedig die kompetisie?element die leerders aan.

Vir elke leesbeurt word die tydsduur en ook akkuraatheid bepaal en op 'n eenvoudige grafiek aangebring. Leerders kompeteer teen hulleself en probeer hul leestempo verbeter deur minder foute as in die vorige leesbeurt te maak. Hulle vind dit motiverend om sigbare bewys van hul vordering te sien. Om spoed te verbeter moet die uitklank van woorde vermy word.

Die voordeel van die metode is dat sigwoorde uitgebrei word, aangesien hoëfrekwensiewoorde in die meeste leessituasies voorkom. Oordrag tot ander leeswerk kan so plaasvind. Aanvanklik moet die passasies eenvoudig en slegs omtrent 50 woorde lank wees. Soos spoed en akkuraatheid toeneem, kan die moeilikheidsgraad en lengte van die gedeeltes toeneem. Die lengte kan uitgebrei word tot omtrent 300 woorde. Passasies kan uit verskillende tipes leesmateriaal geneem word, soos teksboeke, storieboeke en koerant- en tydskrifartikels.

Met die eerste lees behoort die leerder met minstens 80-85%-akkuraatheid te lees, anders is die passasie te moeilik. Die leesspoed moet op dieselfde vlak gehou word totdat 'n aanvaarbare leestempo en akkuraatheid bereik is. Eers dan kan tot moeiliker leeswerk oorgegaan word.

Wanneer leerders met die eerste lees van 'n passasie reeds 60 woorde per minuut kan lees, behoort die leerder onafhanklik te herlees — meer leesoefening is dan nodig en nie ondersteuning nie.

Die vasstelling van 'n bemeesteringsvlak vir leesspoed is spesifiek nodig vir lesers wat baie stadig en woord vir woord lees. Die bepaling van so 'n vlak hang van die leser se leesvlak af. Nuwe leeswerk word aangepak sodra die doelwit bereik is. Vir leerders wat reeds 'n relatief hoë vlak vir spoed en akkuraatheid bereik het, is 'n vasgestelde aantal herhalings meer gepas as die bereiking van 'n kriterium. Drie tot vyf herlesings vir elke passasie word as 'n goeie doelwit beskou.

'n Ander manier om hierdie tegniek uit te brei, is deur die gebruik van die bandmasjien. Die leerder kan dus oefen aan sy/haar leesspoed sonder die hulp van die onderwyser of 'n leerdertutor. Sodoende kan die leerder self leesfoute opspoor en met die volgende herhaling regstel.

Verdere voorstelle vir herhaalde lees in die klaskamersituasie

-  Direkte onderrig

Vir direkte onderrig van leerders met 'n swakker leesvermoë kan interessante maar maklike leesmateriaal gebruik word vir 'n voordragbenadering. Die onderwyser lees eers die storie of artikel aan die groep en bespreek dit dan met die leerders. Daarna lees die onderwyser en die groep saam. Die onderwyser kan ook van leesmodellering gebruik maak om mondelinge leesvlotheid te ontwikkel. Uiteindelik moet die leerders die passasie onafhanklik oefen en 'n kriterium van 75 woorde per minuut sowel as 98% vir akkuraatheid behaal. Daarna kan die volgende storie of artikel aangepak word.

-  'n Leessentrum

'n Spesiale area kan ingerig word waarin die herhaaldelees-tegniek ingeoefen kan word. Dit kan in die klaskamer self wees of in 'n lokaal soos die biblioteek. Indien gesamentlike lees vereis word, moet die bandmasjien met die gepaste boek en band dus beskikbaar wees. Leerders hou rekord van hoeveel kere hulle 'n gedeelte lees. As die leerder reeds onafhanklik kan lees, word 'n leesgrafiek en stophorlosie saam met die leesboek voorsien. So kan die leerders self moniteer hoe hul spoed verbeter.

-  Leerdertutors

Herhaalde lees in pare is maklik hanteerbaar en kan effektief in die klassituasie aangewend word. Die volgende vyf stappe word in hierdie benadering ingesluit:

* Die onderwyser lees eers die passasie hardop (modellering).
* Leerders lees eers 'n leespassasie van ongeveer 50 woorde stil deur.
* Leerders wat hierdie oefening nodig het, verdeel dan in groepe van twee en besluit wie eerste moet lees.
* Die leser lees sy/haar passasie drie maal en evalueer hoe goed hy/sy na elke keer gelees het (die leerder wat luister, vertel die leser hoe sy/haar lees verbeter het ná die tweede en derde leesbeurte).
* Die leerders ruil rolle om en herhaal die vorige stap.

Dowhower, S.L. 1989. Repeated reading: Research into practice. *The Reading Teacher*, 42 (7), 502-507.

## 4. Paarlees

Paarlees is 'n waardevolle tegniek om ekstra leeservaring aan leerders te bied saam met die nodige ondersteuning. Dit is 'n eenvoudige en maklik implementeerbare leesmetode. Klasmaats self kan as tutors optree. 'n Belangrike beginsel is die positiewe terugvoering wat die leerder deurentyd moet kry, sodat lees 'n aangename ervaring kan word.

Die volgende prosedure word gevolg:

 Kies boeke waarin die leerders belangstel — die kind moet graag die boek wil lees.
 Die leser en die tutor moet in 'n stiller hoekie van die klas sit om te lees, of iewers anders gaan sit. Die boek moet so gehou word dat albei goed kan sien.
 Die paar begin saam hardop lees. Die volgende moet onthou word:
* Woorde moet saam gelees word (die een leser moet nie ná die ander een volg nie!).
* As die leerder nie kan byhou nie, moet die tutor 'n bietjie stadiger lees.
* Die tutor kan na die woorde wys as dit nodig is.
* As die leerder nie 'n woord saam met die tutor kan sê nie, wys die tutor weer na die woord en laat die leerder weer probeer.
* Die tutor mag nie stadiger lees of ophou lees om te kyk of die leerder

alleen kan regkom nie.
*As die leerder 'n teken gee dat hy alleen wil lees, soos deur op die tafel te klop, gebeur die volgende:

* Die tutor lees nie meer saam nie, sodat die leerder alleen kan lees.
* Die tutor reageer positief op die teken van die leerder.
* Die tutor gee terugvoering wanneer moontlik, soos "Mooi so!" na die voltooiing van 'n sin of paragraaf.
* Wanneer leesfoute gemaak word, wys die tutor op die leesfout en vra die leerder om weer te probeer.
* Daar word nie van die leerder verwag om die woord uit te klank nie.

 Wanneer die leerder nie 'n woord kan regstel binne ongeveer vier sekondes nie, volg die volgende:

* Die probleemwoord word weer saam gelees (die tutor sê wat die woord is as die leerder dit nie kan lees nie).

Daarna lees die tutor en die leerder weer saam, totdat die leerder weer 'n teken gee om alleen te lees.

 'n Sessie begin altyd met saamlees.
 Daar moet probeer word om elke dag 10 tot 15 minute lank saam te lees.
 Boeke word omgeruil wanneer die leerder dit verlang.

## 5. Hulpverlening om woord vir woord lees te oorkom

Stadige woordherkenning kan lei tot woord vir woord lees en is dikwels die gevolg van leemtes in die leerder se dekoderingsvaardighede. Die volgende kan aanbeveel word:

 Daar moet ruim voorsiening wees vir leesmateriaal wat die leerder maklik kan lees.
 Die leesstof moet by die leerder se ervaring aansluit sodat hy/sy die taal maklik kan verstaan. Sodoende kan die leerder makliker woorde uit die konteks aflei.
 Gebruik tegnieke soos paarlees en leesmodellering om leesvlotheid in te oefen. Woord vir woord lees kon oor 'n tydperk so vasgelê word dat baie inoefening nodig is om 'n nuwe effektiewe leesritme aan te leer.
 'n Taalervaringsbenadering kan van waarde wees, aangesien die leerder se eie woordeskat so ingespan word. Die leerder se eie opstelle/stories word neergeskryf sodat hy dit kan lees om leesvlotheid te verbeter.
 Woord vir woord lees kan deels die gevolg wees van gebrekkige selfvertroue in leesaktiwiteite. So 'n leerder behoort op 'n leesvlak wat vir

hom/haar maklik is genoeg leeservaring te verkry om voldoende selfvertroue te ontwikkel. Om 'n leerder te help om met meer selfvertroue te lees, kan die onderwyser of 'n tutor eers die gedeelte vir hom/haar voorlees voordat die leerder dit self lees. Indien die leerder dit verlang, kan hy/sy ook die gedeelte eers stil deurlees.

- Daar moet nie onnodige klem geplaas word op akkuraatheid nie. Die beste lesers lees nie volkome akkuraat nie. Veral leesfoute wat aanpas by die konteks van die gedeelte kan oorgesien word.
- Spoedleesaktiwiteite waarin 'n leerder probeer om op 'n spesifieke leesvlak sy/haar leesspoed te verbeter, soos om die aantal woorde per minuut te vermeerder, kan motiverend wees en terselfdertyd woordherkenning versnel.
- Gebruik ook gedigte en limerieke.

**Wenke vir Leesmotivering**

- Leerders behoort geleentheid te kry om boeke of artikels wat vir hulle interessant is, met die klas te bespreek. Die leerder wat vertel, kry op dié wyse erkenning en terselfdertyd moedig hy/sy ander leerders aan om ook die spesifieke stuk te lees.
- Gebruik temas vir mondelinge, lees en geskrewe werk wat by die leerders se belangstelling aanpas. Indien leerders self besluit oor onderwerpe, ervaar hulle meer betrokkenheid en verantwoordelikheid ten opsigte van die werk.
- Leerders kan kwartaalliks die tien gewildste boeke kies wat in die klasbiblioteek uitgeneem kan word. 'n Vasvrawedstryd kan oor hierdie boeke tussen die verskillende groepe gehou word.
- Om nuwe boeke bekend te stel kan die onderwyser interessante dele uit die boeke voorlees om verwagting by die leerders te skep. Indien die storie te lank is om volledig voor te lees, kan die eerste hoofstuk gelees word om die leerders te interesseer om ook die res te lees. Twee of drie leerders kan ook vooraf 'n nuwe boek lees en dan saam besluit op aanbevelings oor die nuwe boek. Alle leerders behoort die geleentheid te kry om deel te wees van hierdie groepie.
- Groepe kan saamwerk aan boekbesprekings of enige verwerking van 'n storieboek. 'n Resensie kan geskryf word met aanbevelings waarom sekere leerders van die boek sal hou en ander nie; leerders kan 'n gedeelte van die boek as dialoog oorskryf, of vertel waarom hulle baie (of glad nie) van 'n sekere karakter gehou het (nie); 'n besonder beskrywende gedeelte kan as voorbeeld vir 'n eie stukkie skryfwerk gebruik word.

- Leerders kan hul eie register hou van boeke wat hulle gelees het en daarop aandui of hulle die boek geniet het of nie.
- Hou kleurryke kaartjies gereed in die klaskamer waarop leerders iets oor 'n boek wat hulle gelees het, kan skryf. Hierdie kaartjies word teen 'n aanplakbord vasgesit om deur ander leerders geraadpleeg te word. Oor die opskrif op die aanplakbord kan die kinders self besluit, maar dit kan iets wees soos "Boeke wat 'n MOET is".
- Spesiale leestyd kan elke dag ingeruim word vir leerders om leesstof van hul keuse te lees.
- Verskillende leesgroepe in die klas kry geleentheid om weeklikse boekuitstallings te hou. Dit kan die groep se geliefkoosde boeke wees, of dit kan oor 'n spesifieke onderwerp soos sport gaan. Leerders kan dan saam met die boeke voorwerpe uitstal wat met 'n bepaalde sportsoort geassosieer word. Die groep kry dan geleentheid om gedurende die week oor die uitstalling te praat en besonder interessante leesstof aan die klas bekend te stel.
- Temadae kan gereeld beplan word, sodat die hele klas voorberei word om oor 'n sekere onderwerp te lees. Elke leerder behoort iets te kan voorlees of vertel, en elkeen moet 'n skriftelike taak volgens sy/haar eie keuse oor die onderwerp voltooi. 'n Groep kan ook saamwerk aan 'n taak, terwyl elke lid van die groep verantwoordelikheid aanvaar vir 'n deel daarvan. Temas kan so uiteenlopend wees soos prettige limerieke tot 'n aspek van 'n leerarea.
- Elke leesgroep kan saamwerk aan 'n groot plakboek waarin interessante artikels uit tydskrifte en koerante gehaal word. Dit kan op 'n aantreklike wyse in die plakboek geplak word. Hierdie plakboeke word in die klasbiblioteek gehou vir leerders wat belangstel om dit te lees. Wanneer die groep 'n nuwe artikel in die plakboek plak, moet dit onder die res van die klas se aandag gebring word, om sodoende hul nuuskierigheid te prikkel.
- Die onderwyser kan verwagting skep deur die titel en die omslag vooraf met die leerders te bespreek. Daar kan dan voorspellings gemaak word oor wat in die storie gaan gebeur.
- Laat leerders advertensies lees, die interessantste uitkies en ook self advertensies skryf en illustreer.

Van die wenke verwerk vanuit Le Roux, M. 1993. *Leesmotivering*. Inligtingstuk van die Inligtingsentrum vir Kinderlektuur en -Media van die Universiteit van Stellenbosch.